

NAMAKWA DISTRIKSMUNISIPALITEIT



DELEGASIES VAN BEVOEGDHEDE

INHOUDSOPGAWE

1. INLEIDING	3
2. BEVOEGDHEDE VAN DIE MUNISIPALITEIT	5
3. BEGINSELS VAN TOEPASSING OP DELEGASIE	5
4. VERBOD OP DIE DELEGASIE VAN SEKERE BEVOEGDHEDE	9
5. BEVOEGDHEDE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN POLITIEKE AMPSDRAERS	10
6. ALGEMENE OPMERKINGS OOR DELEGASIES EN DIE BESTUUR VAN DIE DELEGASIE STELSEL.....	10
7. BEVOEGDHEDE WAT NIE GEDELEGEER MAG WORD NIE OF SLEGS WAARVAN DELEGASIE BEPERK IS TOT SEKERE AMPSDRAERS.....	11
8. APPEL TEEN BESLUIT GENEEM IN TERME VAN GEDELEGEERDE BEVOEGDHEDE	11
9. BESTUUR VAN DIE DELEGASIE STELSEL	11
10. ALGEMENE VOORWAARDES VAN DELEGASIE	11
11. FORMAAT VAN DIE DELEGASIES	13
12. AANGELEENTHEDE GERESERVEER VIR DIE RAAD.....	1
13. DELEGASIES VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER.....	5
14. DELEGASIES VAN DIE SPEAKER	7
15. DELEGASIES VAN DIE KOMITEES VAN RAAD.....	9
16. DELEGASIES VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER	10
17. DELEGASIES VAN DIE SENIOR BESTUURDER KORPORATIEWE & GEMEENSKAPSDIENSTE.....	28
18. DELEGASIES VAN DIE HOOF FINANSIËLE BEAMPTTE	37
19. DELEGASIES VAN DIE VOORSIENINGKANAAL KOMITEES	49
20. DELEGASIES VAN DIE TENDER SPESIFIKASIE KOMITEE	49
21. DELEGASIES VAN DIE TENDER EVALUASIE KOMITEE	50
22. DELEGASIES VAN DIE TENDER BEOORDELINGS KOMITEE	51
23. DELEGASIES VAN MPAC	51
24. DELEGASIES VAN DIE OUDITKOMITEE	52
25. DELEGASIES VAN DIE FINANSIELE DISSIPLINêRE KOMITEE	54
26. GOEDKEURING VAN DELEGASIES.....	54

19. INLEIDING

(1) Die doel van hierdie dokument is:

- (a) Om die beginsels en regsgronde van delegasies te verduidelik – die bedoeling om kortliks te verwys na relevante wetgewing en die beginsels wat verband hou met delegasies in 'n poging om duidelikheid te gee en enige onsekerhede te verwyder wat mag bestaan by amptenare of raadslede.
- (b) Om die bevoegdhede en pligte van die Speaker, die Uitvoerende Burgemeester, die Munisipale Bestuurder en ander senior amptenare in terme van relevante wetgewing te verduidelik - dit moet benadruk word dat die Speaker, die Uitvoerende Burgemeester, die Munisipale Bestuurder en ander senior amptenare uitdruklike bevoegdhede en pligte het in terme van onder andere die:
 - (i) Wet op Munisipale Strukture, Wet No 117 van 1998;
 - (ii) Wet op Munisipale Stelsels, Wet No 32 van 2000;
 - (iii) Munisipale Finansiële Bestuurswet, Wet No 56 van 2003; en
 - (iv) Wet op Eiendomsbelasting en ander toepaslike wetgewing, Wet No 8 van 2004.
- (c) Hierdie pligte deur die werking van die wetgewing berus by die Speaker, die Uitvoerende Burgemeester, die Munisipale Bestuurder en ander senior amptenare en hulle is verplig om die pligte te vervul. Geen delegasie deur die Raad is dus nodig sover dit hierdie pligte aangaan nie. Die Speaker, die Uitvoerende Burgemeester, die Munisipale Bestuurder en ander senior amptenare mag egter die pligte deleger, mits daar nie 'n spesifieke verbod op die delegasie van die pligte is nie.

(2) Die begrip “Delegasie”

- (a) Delegasie is 'n administratiewe aksie waarvolgens 'n persoon of 'n liggaam wat sekere pligte of bevoegdhede besit om 'n spesifieke taak of funksie te vervul, hierdie pligte of bevoegdhede oordra na 'n ander persoon of liggaam op 'n laer vlak om sodanige taak of funksie te vervul.

(3) Doelwitte van delegasies

- (a) Die doelwitte van delegasie is:
 - (i) Om administratiewe en operasionele doeltreffendheid te verseker;
 - (ii) Om behoorlike beheer en monitering in plek te stel;
 - (iii) Om besluitneming na die mees doeltreffende vlak binne die administrasie te deleger;
 - (iv) Om werknemers sover as wat dit prakties uitvoerbaar is, te betrek in bestuursbesluite;
 - (v) Om 'n kultuur van gesamentlike verantwoordelikheid vir prestasie te skep en aan te moedig;

- (vi) Om onomwonde die verpligtinge van elke politieke struktuur, politieke ampsdraer en die bestuur te definieer; en
- (vii) Om die verhouding tussen politieke strukture, politieke ampsdraers en die bestuur te bepaal en om gepaste vlakke van verantwoordelikheid en kommunikasie lyne te skep.

(4) Belangrike definisies

(a) In hierdie dokument, tensy die inhoud 'n ander betekenis aandui beteken:

WOORD	BETEKENIS
“Grondwet”	- Die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, 1996 (Wet No 108 of 1996);
“Raad”	- Die behoorlik verkose Raadslede van die Namakwa Distriksmunisipaliteit, hulle regsopvolgers in titel en verteenwoordigers;
“delegeerder”,	- Die persoon of liggaam wat 'n bevoegdheid of funksie oordra na 'n persoon of liggaam op 'n laer vlak;
“delegasie”	- Die bemaatiging van 'n gedelegeerde om namens die delegeerder op te tree en in verhouding tot bevoegdhede is dit 'n opdrag om in terme van die bevoegdhede op te tree;
“gedelegeerde”	- Die ontvanger van 'n delegasie;
“in oorleg met”	- met die samewerking van 'n persoon of liggaam met wie die gedelegeerde moet konsulteer voor die gebruik / implementering van 'n delegasie of subdelegasie;
“Munisipale Finansiële Bestuurswet”	- Die Wet op Plaaslike Regering, Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No. 56 van 2003)
“Munisipaliteit”	- Die Namakwa Distriksmunisipaliteit en in gevalle waar daarna verwys word as entiteit beteken dit 'n munisipaliteit soos beskryf in Hoofstuk 2 van die Wet op Munisipale Stelsels, en 'n geografiese munisipale gebied soos bepaal in die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Afbakeningswet, 1998 (Wet No. 27 van 1998);
“bevoegdheid”	- 'n verpligting en 'n funksie;
“politieke ampsdraer”	- in verhouding tot die munisipaliteit beteken die Speaker en die Uitvoerende Burgemeester, verkies deur die Raad tot sodanige pos of posisie soos bepaal in die Wet op Munisipale Strukture;

WOORD	BETEKENIS
"politieke struktuur",	- in verhouding tot die munisipaliteit beteken die Raad of enige komitee of ander gesamentlike struktuur van die Munisipaliteit verkies, aangewys of aangestel in ooreenstemming met die bepalinge van die Wet op Munisipale Strukture;
"Wet op Munisipale Strukture"	- Die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998); en
"Wet op Munisipale Stelsels"	- Die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000).

(b) In hierdie dokument, tensy anders aangedui deur die inhoud beteken woorde en uitdrukkings wat verwys na:

- (i) die enkelvoud sal insluit die meervoud en andersom;
- (ii) die manlike geslag sal insluit die vroulike geslag en andersom; en
- (iii) 'n verwysing na 'n natuurlike persoon sal insluit 'n regspersoon en andersom.

20. BEVOEGDHEDE VAN DIE MUNISIPALITEIT

- (1) Die Raad het alle bevoegdhede toegeken aan hom in terme van die Grondwet en ander Nasionale en Provinsiale Wetgewing.
- (2) Die Raad het die reg om enige redelike en noodsaaklike aksie te neem om op 'n doeltreffende wyse sy bevoegdhede te beoefen.
- (3) Die uitvoerende en wetgewende gesag van die munisipaliteit is gesetel in die Raad.
- (4) Die Raad neem alle besluite van die munisipaliteit behalwe:
 - (a) Besluite oor aangeleenthede wat gedelegeer is aan 'n gedelegeerde;
 - (b) Besluite oor aangeleenthede wat in terme van wetgewing toegewys aan 'n politieke ampsdraer of werknemer van die munisipaliteit;
 - (c) Die Raad mag slegs sy uitvoerende en wetgewende gesag uitoefen binne die geografiese gebied van die munisipaliteit.
 - (d) Die Raad mag in terme van 'n skriftelike ooreenkoms met 'n ander munisipaliteit, bevoegdhede uitoefen in die geografiese gebied van die ander munisipaliteit; en
 - (e) Die Raad behou alle bevoegdhede wat nie uitdruklik gedelegeer is aan 'n politieke struktuur, politieke ampsdraer of werknemer van die munisipaliteit nie.

21. BEGINSELS VAN TOEPASSING OP DELEGASIE

- (1) Die volgende beginsels is van toepassing op delegasie en mag nie van afgewyk word nie:
 - (a) 'n Gedelegeerde bevoegdheid moet sy oorsprong hê in bemagtigende wetgewing

- (i) Die Raad (Delegeerder) mag in terme van dié beginsel slegs bevoegdhede deleger wat uitdruklik of by wyse van afleiding by haar berus.
- (ii) Die oorgrote hoeveelheid bevoegdhede se oorsprong lê in Plaaslike Regering wetgewing, maar daar is verskeie ander wette wat 'n verskeidenheid aspekte insluit soos gesondheid, nooddienste, rampbestuur, verkeer, finansiële sake, besoedeling ens, wat bevoegdhede in die algemeen of spesifiek toeken aan die Raad of werknemers van die munisipaliteit.
- (iii) Dit is belangrik om in ag te neem dat sekere bevoegdhede nie gedelegeer mag word nie soos bespreek in 3(2) hieronder.

(2) 'n Gedelegeerde bevoegdheid moet so spesifiek as moontlik wees en verkieslik ook verwys na die spesifieke wetlike voorskrif in die wetgewing waaruit dit voortspruit

- (a) 'n Delegasie moet verkieslik verwys na die relevante gedeelte van die wet waaruit die delegasie ontstaan.
- (b) Die bewoording moet sover moontlik ondubbelsinnig wees om te verseker dat daar regsekerheid is oor die vertolking van die delegasie.
- (c) Die persoon of liggaam aan wie die bevoegdheid gedelegeer is moet absoluut seker wees wat die delegasie behels.
- (d) Gedelegeerde pligte is dikwels die oorsaak van litigasie en dit is noodsaaklik dat die bewoording 'n objektiewe interpretasie toets van die beoordelaar van die feite sal slaag.
- (e) Bevoegdhede mag egter nie aan 'n persoon in sy persoonlike hoedanigheid gedelegeer word nie, maar moet gekoppel word aan 'n pos ten einde deurlopendheid te verseker.
- (f) Die afwesigheid van 'n posbekteër sal nie die besluitnemingsproses vertraag nie, mits daar iemand waarneem in sodanige pos.

(3) 'n Gedelegeerde bevoegdheid mag gesubdelegeer word

- (a) Enige bevoegdheid wat gedelegeer is aan 'n persoon of liggaam (gedelegeerde) mag verder gedelegeer word op voorwaarde dat:
 - (i) Wetgewing nie die subdelegasie verbied soos bespreek hieronder nie;
 - (ii) Sodanige subdelegasie nie verbied word in die oorspronklike delegasie nie;
 - (iii) Die subdelegasie voldoen aan al die beginsels van delegasie soos bespreek in die verslag; en
 - (iv) Die bevoegdheid om te subdelegeer vervat is in die oorspronklike delegasie.

(4) Alle delegasies, insluitende subdelegasies, moet op skrif wees

- (a) Hierdie beginsel is uiters belangrik en mag nie geïgnoreer word nie.

- (b) Die beweegrede hiervoor is gesetel daarin dat regsekerheid geskep moet word en verwarring vermy moet word.
- (c) Geregshowe is huiwerig om te aanvaar dat bevoegdhede mondelings, deur implikasie of deur gebruik gedelegeer is, want dit is moeilik om te bewys of gevolge om te keer.
- (d) Die Raad moet gevolglik 'n beginselbesluit neem dat geen bevoegdheid gedelegeer geag sal word tensy dit op skrif gestel is, en verder dat subdelegasies ook op skrif sal wees.

(5) Gedelegeerde bevoegdhede sal te alle tye uitgeoefen word binne die wetlike voorskrifte en onderhewig aan die Raad se normale praktyk, beleid en prosedures

- (a) 'n Gedelegeerde bevoegdheid kan nie uitgeoefen word sonder inagneming van huidige wetgewing (insluitend onderdanige wetgewing), raadsbeleid, riglyne, prosedures, praktyke, die geïntegreerde ontwikkelingsplan en die begroting nie.
- (b) Daar bestaan 'n duidelike raamwerk waarbinne bevoegdhede uitgevoer moet word; gevolglik is dit van uiterste belang dat 'n gedelegeerde homself met die raamwerk vertrou maak.
- (c) Verder is dit sy plig om kennis te neem van alle veranderinge aan die raamwerk ten einde te verseker dat sy optrede regmatig is.
- (d) 'n Gedelegeerde wat nie hieraan voldoen nie, kan
 - (i) gedissiplineer word;
 - (ii) verantwoordelik gehou word vir skade; en
 - (iii) selfs krimineel aangekla word.
- (e) Ingesluit in hierdie beginsel is die uiters belangrike konsep van nugtere denke rakende gedelegeerde bevoegdhede wat uitgevoer moet word.
- (f) Die goue middeweg is daarin opgesluit dat die optrede in lyn moet wees met prosedures wat gevolg sou wees indien die bevoegdhede nie gedelegeer was nie.
- (g) Sou daar bv. 'n geskrewe verslag verlang gewees het as die gepaste verslagdoeningsmedium, moet die gedelegeerde hierdie proses implementeer en die verslag voorberei.

(6) Alle delegasies moet behoorlike beheer en monitering in plek te stel ten einde verantwoordelike besluitneming te bevorder

- (a) Beheer en monitering word hoofsaaklik verskans in behoorlike verslagdoeningstelses, wat normaalweg deel is van die delegasie.
- (b) Let wel, daar kan steeds ander vorme van beheer gebruik word en dit sluit in ouditering en begrotingsbeheer of 'n kombinasie van die twee.
- (c) Elke delegasie mag voorsiening maak vir pasmaak beheermaatreëls, bv. dat 'n delegasie slegs toegepas mag word in konsultasie met 'n ander persoon of liggaam of dat die

gedelegeerde verslag moet doen aan die delegerder op byvoorbeeld 'n maandelikse basis.

(d) Enige redelike voorwaardes mag in die bewoording van die delegasie ingesluit word sodat die delegerder versekering kan kry dat die uitoefening van bevoegdhede behoorlik gemonitor sal word.

(e) Sou dit later blyk dat die moniteringsmeganismes onvoldoende is kan die delegasie of die beheermaatreëls sodanig aangepas word.

(7) 'n Delegasie met finansiële gevolge mag slegs uitgeoefen word deur 'n persoon wie verantwoordelikheid en bevoegdhede het in terme van 'n begrotingspos

(a) Die doel van hierdie beginsel is om voorsiening te maak vir begrotingsbeheer en rekenpligtigheid deur persone verantwoordelik vir 'n spesifieke begrotingsposnommer, eerstens deur behoorlike opstel van 'n volledige begroting wat behoorlik gemotiveer is en tweedens deur uitgawes te beperk tot die waardes soos vervat in die begroting.

(8) Geen gedelegeerde bevoegdheid mag uitgevoer word indien daar onvoldoende fondse in 'n begrotingspos beskikbaar is nie of as daar geen voorsiening vir die uitgawe in die begroting is nie

(a) Hierdie beginsel hou verband met finansiële beheer en ouditprosedures.

(b) Die Raad aanvaar die hele begroting en daar kan aanvaar word dat alle begrotingsposte die Raad se goedkeuring wegdra.

(c) Hierdie is een van die belangrikste beheermaatreëls wat die Raad kan gebruik.

(9) Gedelegeerde bevoegdhede mag te enige tyd herroep of aangepas word

(a) Indien die delegerder nie tevrede is met die wyse waarop gedelegeerde bevoegdhede uitgeoefen word nie, kan die bevoegdhede herroep word of gewysig word.

(b) Wysigings is normaalweg in die vorm van nuwe voorwaardes of beperkings.

(c) Vir hierdie rede moet die verslagdoeningsmeganismes ingestel wees sodat die delegerder die uitvoering van bevoegdhede kan monitor.

(d) Let wel, dat die herroeping of wysiging van 'n delegasie op skrif moet wees.

(e) Dit is ook belangrik om te onthou dat die herroeping, wysiging of verval van 'n delegasie nie die gevolge van die uitoefening van die delegasie nietig kan maak nie.

(10) Gedelegeerde bevoegdhede skeld nie die delegerder kwyt van sy verantwoordelikheid om sy bevoegdhede uit te voer of sy pligte te verrig nie

(a) Die delegering van bevoegdhede skeld nooit die delegerder kwyt van sy verantwoordelikheid en rekenpligtigheid nie.

- (b) Verantwoordelikheid en rekenpligtigheid kan nie gedelegeer word nie.
- (c) Rekenpligtigheid kan siviele aksies, *quasi*-regsaksies, administratiewe aksies of ander aksies wat teen die delegeerder ingestel word tot gevolg hê in terme van bevoegdhede wat uitgevoer was deur 'n gedelegeerde.

(11) 'n Delegeerder mag te enige tyd opdrag gee dat 'n gedelegeerde aktiwiteit gestaak moet word

- (a) Hierdie beginsel moet onderskei word van die bespreking in 3(9) hierbo.
- (b) In gevalle soos bespreek in 3(9) word 'n delegasie permanent herroep of gewysig vir redes soos bespreek.
- (c) Gevalle kan ontstaan waar 'n gedelegeerde opdrag ontvang om slegs 'n spesifieke aktiwiteit te staak.
- (d) Die gedelegeerde word nie ontnem van die delegasie in die algemeen nie, maar slegs sover dit die spesifieke aksie betref. Hierdie gevalle is gewoonlik beperk tot hoogs politieke, ingewikkelde of sensitiewe aangeleenthede.
- (e) Die gedelegeerde moet verkieslik op skrif ingelig word om nie sy gedelegeerde bevoegdhede in die verband uit te voer nie, ten einde enige misverstande uit die weg te ruim en om die regte van die delegeerder en gedelegeerde te beskerm.
- (f) Deur hierdie advies te ignoreer, word die deur oopgemaak vir ernstige administratiewe- en regsgevolge.
- (g) Kyk gerus weer na die bespreking in 3(4) hierbo.

22. VERBOD OP DIE DELEGASIE VAN SEKERE BEVOEGDHEDE

- (1) Bemagtigende wetgewing skryf soms uitdruklik of by wyse van afleiding 'n verbod op die delegasie van spesifieke bevoegdhede voor.
- (2) Hierdie wetlike voorskrifte moet te alle tye eerbiedig word.
- (3) Voorbeelde hiervan is vervat in Artikels 59(1)(a) en 60(2) van die Wet op Munisipale Stelsels.
- (4) Hierdie tipe verbod hou normaalweg nie probleme in nie.
- (5) Daar ontstaan soms probleme met 'n verbod wat by wyse van afleiding kan ontstaan as gevolg van onsekerheid wat kan bestaan.
- (6) Die enigste riglyn vir hierdie gevalle is die bewoording van die wetgewing en dit is aan te beveel dat 'n regsopinie verkry word sou daar onsekerheid bestaan.
- (7) Enige delegasie in teenstelling met die voorskrifte sal ongeldig en onafdwingbaar wees.
- (8) 'n Verdere voorbeeld word gevind in Artikel 79(2) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet wat bepaal dat die rekenpligtige beampte nie enige van sy rekenpligtige verpligtinge of bevoegdhede mag delegeer aan 'n politieke struktuur of – ampsdraer nie.

5. BEVOEGDHEDE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN POLITIEKE AMPSDRAERS

- (1) Die Speaker van die Raad en die Uitvoerende Burgemeester het sekere bevoegdheide in terme van die Wet op Munisipale Strukture wat uitgeoefen moet word omdat hulle 'n bepaalde posisie beklee.
- (2) Geen delegasie vanaf die Raad is dus in hierdie gevalle nodig nie en dit is belangrik om te onthou dat sommige van die bevoegdheide nie gedelegeer mag word nie.

6. ALGEMENE OPMERKINGS OOR DELEGASIES EN DIE BESTUUR VAN DIE DELEGASIE STELSEL

- (1) Ten einde hierdie bespreking te voltooi is dit belangrik om kortliks aandag aan die volgende sake te gee, wat 'n integrale deel vorm van die delegasie stelsel, naamlik:

(a) Alle delegasie moet hersien word deur 'n nuut verkose Raad

- (i) Artikel 59(2)(f) van die Wet op Munisipale Stelsels bepaal dat alle delegasie hersien moet word as 'n Raad verkies en aangestel is.
- (ii) Hierdie artikel in die Wet is uiters gebiedend en die nuwe Raad is verplig om die vorige Raad se delegasies te hersien.
- (iii) Aangesien hierdie artikel oop is vir verskillende vertolkings rakende die gevolge en geldigheid van bestaande delegasies, word dit aanbeveel dat die hersiening plaasvind tydens die eerste vergadering van die nuut verkose Raad.

(b) Hersiening en herroeping van besluite geneem in terme van gedelegeerde bevoegdheide

- (i) Artikel 59(3) van die Wet op Munisipale Stelsels bepaal dat 'n Raad besluite geneem in terme van 'n gedelegeerde bevoegdheid hersien en dan kan die besluit bevestig, verander of herroep word.
- (ii) Die Raad mag opdrag gee aan 'n liggaam of enige ander gedelegeerde om 'n raadsbesluit te hersien.
- (iii) Die Raad moet in geval van 'n skriftelike versoek vanaf ten minste 'n kwart van die Raadslede om 'n besluit geneem in terme van 'n delegasie te hersien, eerbiedig en moet dan besin om die besluit te bevestig, te verander of te herroep.
- (iv) Die reg om besluite geneem in terme van 'n delegasie te hersien, is beperk tot die Raad.
- (v) Enige ander liggaam of persoon wat bevoegdheide gedelegeer het, het nie die reg om besluite geneem in terme van gedelegeerde bevoegdheid by wyse van afleiding te hersien nie.
- (vi) Die wyse om sodanige besluite te hersien is om die aangeleentheid na die Raad te verwys vir hersiening.

- (vii) Die hersiening en gevolglike herroeping of verandering van sodanige besluite mag slegs gedoen word met inagneming van en onderworpe aan die opgeloopte regte van ander partye geraak deur die besluit.

7. BEVOEGDHEDE WAT NIE GEDELEGEER MAG WORD NIE OF SLEGS WAARVAN DELEGASIE BEPERK IS TOT SEKERE AMPSDRAERS

- (1) Die verbod op die delegasie van sekere bevoegdhede is nie 'n ongewone verskynsel nie en dit is nie ongewoon om dit in bemagtigende Plaaslike Regeringswetgewing te sien nie.
- (2) Die beweegrede hiervoor is om te verseker sake van uiterste belang, sensitiewe aard of hoë politieke profiel op die hoogste vlak van plaaslike regering hanteer word.

8. APPÈL TEEN BESLUIE GENEEM IN TERME VAN GEDELEGEERDE BEVOEGDHEDE

- (1) Enige raadsbesluit of 'n besluit geneem deur 'n gedelegeerde wat die regte van 'n individu of liggaam beïnvloed, is onderworpe aan die reg tot appèl.
- (2) 'n Appèl moet hanteer word soos voorgeskryf in Artikel 62 van die Wet op Munisipale Stelsels en moet hanteer word deur die Munisipale Bestuurder van die munisipaliteit.
- (3) Die gepaste appèl liggaam, in ooreenstemming met Artikel 62(4) van die Wet op Munisipale Stelsels, mag 'n besluit waarteen geappelleer bevestig, verander of herroep.
- (4) Geen herroeping of verandering van 'n besluit mag die regte wat 'n ander party opgeloopt het as gevolg van die besluit negatief beïnvloed nie.

9. BESTUUR VAN DIE DELEGASIE STELSEL

- (1) Die delegasie stelsel moet beheer word en deurlopend bygehou word en hierdie taak word aan alle hoofde opgedra.
- (2) Die delegasie register moet elektronies en in harde kopie gesamentlik bygehou word per departement en opgedateer word met elke toevoeging, verandering en herroeping met dien verstande dat die harde kopie elke 6 maande gedruk word indien nodig.
- (3) Enige veranderings moet aan alle departemente gesirkuleer word vir kennisname.
- (4) Alle verslae wat verband hou met delegasies moet gestuur word aan die Munisipale Bestuurder vir sy kommentaar om te verseker dat aan alle regsvoorskrifte voldoen is.
- (5) Appèl moet ook die roete volg.

10. ALGEMENE VOORWAARDES VAN DELEGASIE

- (1) Alle bevoegdhede en pligte wat gedelegeer word, moet, tensy anders aangedui, onderworpe aan die volgende voorwaardes uitgeoefen of verrig word:
 - (a) Geen afwyking van die bepalings van enige besluite van die Raad of beleid wat deur die Raad aanvaar is, mag toegelaat word nie.

- (b) Alle kontrakte wat aangegaan word, moet in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid van die Raad wees op voorwaardes wat uitdruklik deur die Raad bepaal is, en onderworpe aan die goedkeuring, uit 'n regsoogpunt, van die Munisipale Bestuurder en, uit 'n finansiële oogpunt, van die Hoof Finansiële Beampte.
- (c) Enige bevoegdheid om 'n kontrak aan te gaan, sluit die magtiging in om in sodanige kontrak te onderteken en, waar sodanige ooreenkoms voorsiening daarvoor maak en tersaaklike regsremedies daarin vervat is, te kanselleer.
- (d) Die uitoefening van bevoegdhede betreffende personeel is onderworpe aan die toepaslike verordeninge of ooreenkomste wat in verband met personeelaangeleenthede aangegaan is.
- (e) Die delegasie van aangeleenthede wat met die personeel en ander werknemers van die Munisipaliteit verband hou, afgesien van hulle diensvoorwaardes en dissiplinêre maatreëls, is onderworpe aan oorlegpleging met die vakbonde en, waar nodig, met die Plaaslike Arbeidsforum, en waar ooreenkoms nie oor die betrokke aangeleentheid bereik kan word nie, moet die aangeleentheid vir beslissing na die Burgemeesterskomitee verwys word.
- (f) Enige delegasie van bevoegdhede, funksies en pligte wat verband hou met aangeleenthede wat deur die munisipaliteit se Diensvoorwaardes gedek word, moet onderworpe aan sodanige Diensvoorwaardes uitgeoefen of verrig word.
- (g) Delegering aan 'n beampte wat nie die Munisipale Bestuurder of 'n Senior Bestuurder is nie, moet onderworpe wees aan enige opdragte wat die Munisipale Bestuurder of die Senior Bestuurder uitgereik, en die delegasie sal tot 'n einde kom indien enigeen van gemelde beamptes die betrokke beamptes skriftelik opdrag gee dat hy moet ophou om die bevoegdheid, funksie of plig wat gedelegeer is, uit te oefen.
- (h) Alle bevoegdhede, funksies en pligte wat aan Senior Bestuurders gedelegeer is, mag net ten opsigte van die Departement van die betrokke Senior Bestuurder uitgeoefen word, tensy magtiging uitdruklik andersins verleen is.
- (i) Wanneer 'n Munisipale bevoegdheid, plig, funksie of magtiging van 'n politieke struktuur (Raad), politieke ampsbekleër (Uitvoerende Burgemeester en Speaker), Raadslid of personeellid gedelegeer is, het die persoon aan wie gemelde pligte of verantwoordelikheid gedelegeer is, die gesag om 'n besluit in terme van sy/haar gedelegeerde bevoegdhede te neem, tensy die Raad 'n beperkte bevoegdheid, plig, funksie of magtiging deleger wat 'n verslag met aanbevelings van 'n hoër gesag vereis.

11. FORMAAT VAN DIE DELEGASIES

- (1) Die delegasies is uiteengesit in tabel formaat en is individueel genummer met 'n omskrywing van die delegasie, die ontstaansbron en plek vir opmerkings byvoorbeeld as 'n delegasie gesubdelegeer is.

12. AANGELEENTHEDE GERESERVEER VIR DIE RAAD

Nom-mer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
R1	Die aanneming van verordeninge.	Artikel 160(2) van die Grondwet	Mag nie gedelegeer word nie
R2	Die goedkeuring van begrotings.		
R3	Die oplegging van eiendomsbelastinge, ander belastinge, heffings en regte.		
R4	Die verkryging van lenings.		
R5	Die vasstel van tariewe	Artikel 59(1)(A) van die Wet op Munisipale Stelsels	Mag nie gedelegeer word nie
R6	Besluite om 'n dienslewingsooreenkoms aan te gaan of om sodanige ooreenkoms te wysig of te kanselleer.		
R7	Goedkeuring of wysiging van die Munisipaliteit se Geïntegreerde Ontwikkelingsplan.	Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56 van 2003	
R8	Die goedkeuring van verkoop van raadseiendom		
R9	Die goedkeuring van enige ander statutêre planne, bv Gelyke Indiensnemingsplan & Wersplekvaardighedsontwikkelingsplan (WSP).	Die betrokke wetgewing	Mag nie gedelegeer word nie
R10a	Die aanstelling van 'n persoon in die pos van Munisipale Bestuurder/Waarnemende Munisipale Bestuurder.	Artikel 82 (1) (a) & (b) van Wet op Munisipale Strukture, 117/1998	Mag nie gedelegeer word nie
R10b	In ooreenstemming met die Munisipale Bestuurder die aanstelling van 'n persoon in die pos van Bestuurder(s) direk verantwoordelik aan die Munisipale Bestuurder.	Artikel 56 (a) van Wet op Munisipale Stelsels 32 van 2000	Mag nie gedelegeer word nie
R10c	Bepaling of aanpassing van die besoldiging, voordele of ander diensvoorwaardes van die Munisipale Bestuurder of Bestuurders wat regstreeks aan die Munisipale Bestuurder verantwoordelik is.	Artikel 60 (1) (b) van die Wet op Munisipale Stelsels, 32 van 2000	Kan gedelegeer word aan die UB
R11	Die Raad bepaal 'n beleidsraamwerk waarvolgens die diensstaat van die Munisipaliteit opgestel word.	Artikel 66 van die Wet op Munisipale Stelsels, 32 van 2000	Mag nie gedelegeer word nie

Nom- mer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
R13	Die verleen van goedkeuring aan 'n personeelid van die Munisipaliteit om: (a) betrokke te wees by enige sake onderneming, bedryf of beroep behalwe Munisipale werk.	Die Wet op Munisipale Stelsels (Bylaag 2-Gedragskode vir Personeellede)	Mag nie gedelegeer word nie
R14	Die goedkeuring van die aansuiweringsbegroting.	Artikel 28 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet, 56/2003	Sodanige uitgawes moet voor begroot word in 'n aansuiweringsbegroting
R15	Die aanstelling van 'n Ouditkomitee.	Artikel 166 (1) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet, 56/2003	
R16	Die oorweging van die volgende verslae oor die finansiële aangeleenthede: (a) Verslae van die Ouditkomitee. (b) Verslae oor die Stand van die Begroting. (c) Verslae oor die Ongemagtige Uitgawes. (d) Verslae oor Beoogde Skuld. (e) Verslae van die Oorsigkomitee op die Jaarverslag. (f) Verslae van die Oorsigkomitee oor die finansies (MPAC).	Artikel 166 (2) (a), Artikel 70 (1), Artikel 32 en Hoofstuk 6 van die Wet op Finansiële Bestuur, 56 van 2003	
R17	Die aankoop of besluite oor onteiening van onroerende eiendom, (werklike regte en grond) wat by die munisipaliteit berus.	Artikel 60 (1) (a) van die Wet op Munisipale Stelsels, 32 van 2000 & Artikel 19 (1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56/2003	Ontelingsbesluite mag deleger word aan die Uitvoerende Burgemeester.
R18	Die vervoemding van onroerende eiendom wat deur die Munisipaliteit besit of beheer word of by hom berus.	Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56 van 2003 en Voorsieningskanaal-bestuursregulasies	

Nom- mer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
R19	Toestemming vir die afwesigheid van 'n Raadslid van 'n Raadsvergadering en die instel van sanksies teen die raadslede vir die afwesigheid van vergaderings		
R20	Om toestemming aan 'n Raadslid te verleen om: (a) Vir 'n fooi of ander oorweging ten behoeve van enige ander persoon voor die Raad of 'n komitee te verskyn.	Wet op Munisipale Stelsels (Bylaag 1)	
R21	Om Raadskomitees in te stel en om opdragte aan die komitees toe te wys, te wysig of te onttrek.	Artikel 33 van die Munisipale Strukture Wet 117 van 1998	
R22	Om voorleggings oor die grense van jurisdiksiegebiede en wyke, of enige veranderinge daarvan, van die munisipaliteit te doen, asook oor enige aangeleenthede wat met afbakening verband hou wat die munisipaliteit raak.		
R23	Om oorsese reise goed te keur en om skriftelike verslae oor sodanige reise wat deur Raadslede of personeel ondemeem is, te oorweeg.		Volg die beleid
R24	Om samewerkingsooreenkomste wat die munisipaliteit met ander plaaslike owerhede, instansies en persone aangaan, goed te keur.	Artikel 88 van die Munisipale Strukture Wet, 117 van 1998	Kan aan die UB gedelegeer word
R25	Om ereburgerskap aan enige persoon of instansie toe te ken.		
R26	Enige ander bevoegdheid wat nie uitdruklik hierbo gemeld is nie in verband met enige aangeleentheid waarvoor die goedkeuring van enige Nasionale Minister of Provinsiale LUR vereis word ten opsigte waarvan die reg van appél tot die Premier of enige ander staatsorgaan behou word.		
R27	Om enige ander bevoegdheide, funksies en pligte te verrig wat ingevolge enige ander wetgewing nie deur die Raad gedelegeer mag word nie.		

Nom- mer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
R28	Om enige aangeleentheid te oorweeg wat óf die Uitvoerende Burgemeesterskomitee óf die Munisipale Bestuurder beskou as 'n saak van nuwe beleid of as belangrik genoeg ag om 'n besluit deur die Raad te regverdig.		
R29	Bepaling of aanpassing van die besoldiging, voordele of ander diensvoorwaardes van die Munisipale Bestuurder of Bestuurders wat regstreeks aan die Munisipale Bestuurder verantwoordelik is.	Artikel 60 (1) (b) van die Wet op Munisipale Stelsels, 32/2000	Kan gedelegeer word aan Uitvoerende Burgemeester
R30	Reëlings vir oortrokke bankfasiliteite.	Artikel 45 (3 & 4) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56 van 2003	Mag nie gedelegeer word nie.
R31	Aanwys van die Uitvoerende Burgemeester en Speaker	Artikel 48 en 36 van die Wet op Munisipale Strukture, 117/1998	Mag nie gedelegeer word nie.
R32	Ontheffing van die Uitvoerende Burgemeester en/of Speaker van die amp.	Artikel 58 & 40 van die Wet op Munisipale Strukture, 117/1998	Mag nie gedelegeer word nie.
R33	Ontbinding van die Raad (na ten minste twee jaar in amp).	Artikel 34 van die Wet op Munisipale Strukture, 117/1998	Mag nie gedelegeer word nie.
R34	Aangaan van kort en langtermyn skuld/lenings	Hoofstuk 6 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56 van 2003	Mag nie gedelegeer word nie.
R35	Aangaan van Publieke – privaat vennootskappe	Artikel 120 van Munisipale Finansiële Bestuurswet, 56/2003	Mag nie gedelegeer word nie.
R36	Doen van beleggings namens die Munisipaliteit binne die beleidsraamwerk van die Raad wat deur die Minister van Finansies bepaal word	Artikel 60 (2) van die Wet op Munisipale Stelsels, 32 van 2000	Kan gedelegeer word aan die UB of Hoof Finansiële Beambte (HFB)

Nom- mer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
R37	Om uitgawes aan te gaan om ondersoekers aan te stel om sake van beweerde onreëlmatigheid of wangedrag te ondersoek van die rekenpligtige beampte.	Artikel 171 (4) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56/2003	Kan gedelegeer word aan die UB

13. DELEGASIES VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Nom- mer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
UB1	Verantwoordelik vir die aanwys van BMK lede en toesien dat hulle hul magte en pligte uitvoer	Artikel 60 van die Wet op Munisipale Strukture, 117 van 1998	
UB2	Voorsitter van die BMK vergaderings.		
UB3	Bepaal die datums, tye en plekke van gewone en spesiale vergaderings van die BMK		
UB4	Bevorder die beeld van die Munisipaliteit		
UB5	Verrig seremoniële pligte soos deur die Raad bepaal	Artikel 56 (4) van die Wet op Munisipale Strukture, 117 van 1998	
UB6	Skakeling met gemeenskap	Artikel 56 van die Wet op Munisipale Strukture, 117 van 1998	
UB7	Die Uitvoerende Burgemeester is die amptelike raadslid verantwoordelik vir Finansies en Administrasie	Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56/2003	

Nom- mer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
UB8	Funksies en bevoegdhe deur Wetgewing aan die Uitvoerende Burgemeester toegeken.	Wet op Munisipale Strukture, 117/1998, Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56/2003, Wet op Munisipale Stelsel, 32/2000	
UB9	Voorsitter van IGR vergaderings	Artikel 25 (2) van die Wet op Interdepartementele Verhoudinge Raamwerk (Intergovernment Relations Framework-IGR), 13 van 2005	
UB10	Voorsitter van DP verteenwoordigende forum vergaderings	Hoofstuk 5 van die Wet op Munisipale Stelsels, 32 van 2000 & Artikel 53 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56 van 2003	
UB11	Om verlof van die Munisipale Bestuurder goed te keur (Speaker kan ook goedkeur).		
UB12	Om alle bevoegdhe, wat ooreenkomstig die bepalings van wetgewing insake Rampbestuur ingestel is, uit te voer.		Gesubdeleer aan die Senior Rampbestuurbeampste

14. DELEGASIES VAN DIE SPEAKER

Nummer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
S1	Die volgende statutêre magte en pligte is aan die Speaker gedelegeer in ooreenstemming met die bepaling van die Munisipale Struktiewet, 1998: - Tree op as Voorzitter/ster van die vergaderings van die Raad - Moet verseker dat die Raad ten minste kwartaaliks vergader - Moet orde handhaaf tydens Raadsvergaderings - Moet verseker dat die gedragskode vir Raadslede in die vergaderings van die Raad en Raadskomitees nagekom word - Moet toesien dat Raadsvergaderings ooreenkomstig die reëls en orders van die Raad verloop - Moet tyd, datums en plekke vir gewone en spesiale vergaderings bepaal - Moet spesiale vergaderings van die Raad belê op die plek en tyd wat sy/hy bepaal as gevolg van enige versoek tot so 'n vergadering - Moet verseker dat die voorskrifte ten opsigte van die voorregte van die Raadslede soos vervat in, en enige ander toepasslike wetgewing, eerbiedig word. - Moet toesien dat alle navrae/verslae aan die Raad voorgelê vir oorweging. - Verifieer dat die besluite-register op datum is.	Artikel 37 van die Wet op Munisipale Strukture, 117 van 1998 Artikel 29(1) van die Struktiewet, 1998. Artikel 28 van die Struktiewet, 1998	
S2	Die Speaker het politieke verantwoordelijkheid oor die sakelyst van die Raad.		
S3	Die Speaker moet toesien dat verordeninge aan die Raad, sowel as die Gedragskode vir Raadslede, voorgehou en dat voldoen moet word aan die bepalinge van die Grondwet, die Struktiewet, en ander toepasslike Nasionale en Provinsiale wetgewing.	Bylaag 1 Artikel 13 van die Munisipale Stelselwet, 32 van 2000.	
S4	Funksies en bevoegdhede is deur wetgewing aan die Speaker toegeken.	Wet op Munisipale Strukture, 117/1998, Wet op Munisipale Stelsel, 32/2000	

Nom- mer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
S5	Om verlot van die Munisipale Bestuurder goed te keur (UB kan ook goedkeur)		
S6	Indien die nodige fondse beskikbaar is, goedkeuring te verleen (in samewerking met die Speaker, indien beskikbaar) aan Raadslede vir die bywoning van vergaderings, werksinkels, seminare, konferensies, kongresse en soortgelyke geleenthede en besoeke wat in belang van die Raad is en in die RSA aangebied word.		

15. DELEGASIES VAN DIE KOMITEES VAN RAAD

Nummer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
PK1 –Ekonomiese, Infrastruktuur Ontwikkeling en Beplanningskomitee	Oorweging van kwartaal- en ander verslae vir voorlegging aan Raad	Artikel 79 van die Wet op Munisipale Strukture, 117 van 1998	
PK2 – Begroting en Tesourie Komitee	Oorweging van kwartaal- en ander verslae vir voorlegging aan Raad	Artikel 79 van die Wet op Munisipale Strukture, 117 van 1998	
PK3- Korporatiewe Dienste	Oorweging van kwartaal- en ander verslae vir voorlegging aan Raad	Artikel 79 van die Wet op Munisipale Strukture, 117 van 1998	
PK4- Omgewing Gesondheidsdienste komitee	Oorweging van kwartaal- en ander verslae vir voorlegging aan Raad	Artikel 79 van die Wet op Munisipale Strukture, 117 van 1998	
PK5-MPAC	Oorsig verslaggewing aan die Raad	Artikel 79 van die Wet op Munisipale Strukture, 117 van 1998 & Artikel 129 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56 van 2003	
PK6-Oudit Komitee	Oorsig verslaggewing aan die Raad	Artikel 166 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56 van 2003	
PK7-Finansiële Disziplinêre Raad	Oorsig verslaggewing aan die Raad	Hoofstuk 15 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56 van 2003, maak seker	
PK8 - BMK	Oorweging van aanbevelings en ander verslae vir voorlegging aan Raad	Artikel 79 & 80 van die Wet op Munisipale Strukture, 117 van 1998	

16. DELEGASIES VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER

Nom- mer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
KGD40	Bepaal en verhaal die kostes van enige verlies of beskadiging opgedoen deur die Munisipaliteit van die persoon verantwoordelik vir die verlies of beskadiging en waar nodig stel dissiplinêre aksies in. 'n Werknemer wat deur die Munisipaliteit in diens geneem is/was is verantwoordelik vir 'n verlies of beskadiging indien dit bewys is tydens 'n dissiplinêre verhoor dat hy/sy: ▪ Nagelaat het om geld verskuldig aan die Munisipaliteit in te vorder waarvoor hy/sy verantwoordelik is; ▪ Is/was verantwoordelik vir 'n betaling van geld sonder die nodige gedelegeerde bevoegdheid of sonder om die voorgeskrewe prosedure te volg of sonder deeglike ondersteunende bewyse; ▪ Vanweë versuim om sy/haar pligte uit te voer hy/sy, verantwoordelik is/was vir vrugtelose uitgawes; ▪ Is/was verantwoordelik vir skade aan die vernietiging van geld van die Munisipaliteit, seëls of ander dokumente, sekuriteite of ander eiendom van die Munisipaliteit, en ▪ Vanweë versuim in die uitvoer van sy/haar pligte verantwoordelik is/was vir 'n eis teen die Munisipaliteit.	Artikel 78 & 171 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56/2003 & die Dissiplinêre kode	In die afwesigheid van die Munisipale Bestuurder is hierdie bevoegdheid gedelegeer aan die Waarnemende Munisipale Bestuurder en aan alle senior bestuurders
KGD41	In oorleg met die HFB en Senior Bestuurder: Korporatiewe & Gemeenskapsdiens kontraktele boete klousules toe te pas in gevalle waar goedere of Dienste nie tydig aan die Raad/Munisipaliteit gelewer word.		In die afwesigheid van die Munisipale Bestuurder is hierdie bevoegdheid gedelegeer aan die Waarnemende Munisipale Bestuurder

Nom- mer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
KGD42	Op skriftelike versoek deur 'n personeelid 'n afskrif van of uittreksel uit die personeelstelsels en prosedures, insluitende enige wysigings, aan daardie personeelid beskikbaar stel in ooreenstemming met die bepalings van artikel 67 van die Stelselswet, 2000	Artikel 67 van die Stelselswet, 32/2000	In die afwesigheid van die Munisipale Bestuurder is hierdie bevoegdheid gedelegeer aan die Waarnemende Munisipale Bestuurder en Direkteur Korporatiewe & Munisipale Gesondheidsdienste
KGD43	Die goedkeuring van beplande oortyd aan personeel op die goedgekeurde salarisskaal van die Raad (met inagneming van die perk soos bepaal deur die Wet op Basiese Diensvoorwaardes), en binne die raad se begroting.	Artikel 10 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 75/1997 soos gewysig.	
KGD44	Die Bevordering van gesonde arbeidsverhoudinge en nakoming deur die munisipaliteit van toepaslike arbeidswetgewing.		
KGD45	Verseker dat daar uitvoering gegee word aan toepaslike Raadsbesluite en die toepassing en administrasie van die Verordeninge van die Raad.		
KGD46	Die goedkeuring vir die gebruik van ampsvoertuie binne/buite die Munisipale gebied op voorwaarde dat die gebruik verband hou met amptelike munisipale bedrywighede. (Rifmagtigings)		
KGD47	Die instelling, monitering en bestuur van personeel aantekening rekords.		Gesubdelegeer aan alle senior bestuurders
KGD48	Nagaan van alle amptelike korrespondensie voor versending.		Ook gesubdelegeer aan alle senior bestuurders
KGD49	Daaglikse oopmaak van die pos en verwysing van besonderhede na departementshoofde vir kommentaar/verdere informasie.	Wet 43 van 1996	Gesubdelegeer aan die Bestuurder: Instandhouding & Huishoudelike Dienste

Nom- mer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
KGD50	Die aanwys as Diensblikheidsbestuurder ingevolge die Wet op Gelyke Indiensneming.	Artikel 24 van Wet op Gelyke Indiensneming, 55 van 1998	Gesubdeleer aan Direkteur Korporatiewe & Munisipale Gesondheidsdienste
KGD51	Keur die spesifikasie van goedere en dienste, wat ingevolge die Voorsieningskanaalbestuursbeleid benodig word, goed met in agneming van die vereistes soos in die Regulasies en Raadsbeleid vervat.	Regulasie 27(2) – Staatskoerant Nr. 27636 - Raadsbeleid	In die afwesigheid van die Munisipale Bestuurder is hierdie bevoegdheid gedelegeer aan die Waarnemende Munisipale Bestuurder en alle senior bestuurders
KGD52	Die sertifisering van fakture/betaalsertifikate van kontrakteurs/eise vir betaling in departementele verband tensy anders gemagtig.		Gesubdeleer aan senior bestuurders
KGD53	Die toepassing van bevoegdhede van die Raad kragtens die Wet op Rampbestuur Wet 57 van 2000, in oorleg met die Munisipale Bestuurder.	Kan gedelegeer word	
KGD54	Die bepaling van 'n ramp soos omskryf in die Rampbestuurswet in oorleg met die Kantoor van die Munisipale Bestuurder.	Kan gedelegeer word	
KGD55	Om alle bevoegdhede, wat ooreenkomstig die bepalings van wetgewing insake Rampbestuur ingestel is, uit te voer.		
KGD56	Om aankope van goedere en dienste en die uitvoering van werke ingevolge die toepaslike Voorsieningskanaalbestuursbeleid van die Raad te magtig tot die bedrag van R30 000.		Gesubdeleer aan Waarnemende Persoon (in afwesigheid van senior bestuurders)
KGD57	Tree op as skakelpersoon met die SETA's ingevolge die Wet op Vaardighedsontwikkeling.		
KGD58	Hantering van persoonlike lêers van deelnemers aan SETA-programme, personeelnavrae, personeelmemorandums en vaardighedsontwikkeling.		

18. DELEGASIES VAN DIE HOOF FINANSIËLE BEAMPTTE

Nummer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
HFB1	Die versoek en/of goedkeuring vir die hervatting van sy werk voordat 'n departementele werknemer se vakansieverlof verstryk het.		Gesubdelepeer aan Waarnemende Persoon (in afwesigheid van die Bestuurder)
HFB2	Om die aansoeke om verlof van departementele werknemers goed te keur in oorlegpleging met Menslike Hulpbronne Afdeling ingevolge die verlofbeleid.		Gesubdelepeer aan Waarnemende Persoon (in afwesigheid van die Bestuurder)
HFB3	Die aanbevelings aan die Munisipale Bestuurder van departementele werknemers vir bywoning van kongresse, werkwinkels, jaarvergaderings, ens. ooreenkomstig die Beleid van die Raad en onderhewig daaraan dat voldoende voorsiening op die begroting gemaak is om die uitgawe te dek.		Gesubdelepeer aan Waarnemende Persoon (in afwesigheid van die Bestuurder)
HFB4	Die aanbeveling vir die betaling van reis- en verblyfkoste ingevolge die Raad se goedgekeurde beleid.		Gesubdelepeer aan Waarnemende Persoon (in afwesigheid van die Bestuurder)
HFB5	Om aankope van goedere en dienste en die uitvoering van werke ingevolge die toepaslike Voorsieningskanaalbestuursbeleid van die Raad te magtig tot die bedrag van R15 000.		Gesubdelepeer aan Waarnemende Persoon (in afwesigheid van die Bestuurder)
HFB6	Die ontdekking van enige ongemagtigde uitgawes moet onmiddellik skriftelik gerapporteer word aan die Munisipale Bestuurder, bv. Volle besonderhede van die uitgawes.	Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56/2003	Gesubdelepeer aan Waarnemende Persoon (in afwesigheid van die Bestuurder)

Nummer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
HFB7	Om effektiwige en geskikte dissiplinêre stappe te neem teen werkers wat: ▪ Teenstrydig met of weer om te voldoen aan die bepallings van Finansiële wetgewing, Finansiële Regulasies, beleide en prosedures van die Munisipaliteit. ▪ 'n daad pleeg wat die Finansiële Bestuur en interne beheerstelsel van die Munisipaliteit ondermyn. ▪ Enige ongemagtigde of vrugtelose uitgawes aangaan of toelaat. ▪ Skuldig maak aan wangedrag in terme van gedragskode en ander wetgewing	Wet op Finansiële Bestuur, 56/2003	Gesubdelepeer aan Waarnemende Persoon (in afwesigheid van die Bestuurder)
HFB8	Stiptelike nakoming van die verpligtinge soos vervat in Artikel 81 van die MFMA, wat andere insluit maar nie beperk is tot die versekering dat uitgawes van die Munisipaliteit in ooreenstemming is met die goedgekeurde begroting en dat effektiwige en geskikte stappe geneem word om die volgende te voorkom: ▪ Oorspandering van goedgekeurde begroting ▪ Onder-invoering van inkomste verskuldig aan die Munisipaliteit; en ▪ Ongemagtigde, vrugtelose, verkwiste en onwettige uitgawes aangegaan word	Artikel 81 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56/2003	Gesubdelepeer aan Waarnemende Persoon (in afwesigheid van die Bestuurder)
HFB9	Gebruik die besparing op een positem in die begroting om die oorspandering op 'n ander positem te bestry en doen verslag aan die Munisipale Bestuurder.	Wet op Finansiële Bestuur, 56/2003	Gesubdelepeer aan Waarnemende Persoon (in afwesigheid van die Bestuurder)
HFB10	Die goedkeuring van beplande oortyd aan departementele werknemers op die goedgekeurde salarisskaal van die Raad (met inagneming van die perk soos bepaal deur die Wet op Basiese Diensvoorwaardes), en binne die raad se begroting.	Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 75/1997 soos gewysig.	Gesubdelepeer aan Waarnemende Persoon (in afwesigheid van die Bestuurder)

Nommer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
HFB11	Die Bevordering van gesonde arbeidsverhoudinge en nakoming deur die munisipaliteit van toepaslike arbeidswetgewing.		Gesubdelegeer aan Waarnemende Persoon (in afwesigheid van die Bestuurder)
HFB12	Die aanbeveling aan die Munisipale Bestuurder van 'n amptenaar in 'n waarnemende hoedanigheid ingevolge die betrokke Waarnemingsbeleid van die Raad.		Gesubdelegeer aan Waarnemende Persoon (in afwesigheid van die Bestuurder)
HFB13	Uitvoering van toepaslike Raadsbesluite en die toepassing en administrasie van die Verordeninge van die Raad.		
HFB14	Die goedkeuring vir die gebruik van ampsvoertuie binne/buite die Munisipale gebied op voorwaarde dat die gebruik verband hou met amptelike munisipale bedrywighede. (Ritmagtigings)		Gesubdelegeer aan Waarnemende Persoon (in afwesigheid van die Bestuurder)
HFB15	Die instelling, monitoring en bestuur van personeel aanteken rekords.		Gesubdelegeer aan Waarnemende Persoon (in afwesigheid van die Bestuurder)
HFB16	Magtiging vir die advertering van personeelvakatures (in samewerking met die Munisipale Bestuurder) ooreenkomstig die aanstellingsbeleid/toepaslike wetgewing.		Gesubdelegeer aan Waarnemende Persoon (in afwesigheid van die Bestuurder)
HFB17	Nagaan van alle amptelike departementele korrespondensie voor versending.		Gesubdelegeer aan Waarnemende Persoon (in afwesigheid van die Bestuurder)
HFB18	Die sertifisering van fakture/betaalsertifikate van kontrakteurs/eise vir betaling in departementele verband tensy anders gemagtig.		

Nommer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
HFB19	Aanbeveling vir die betaling van behuisingssubsidie ooreenkomstig die goedgekeurde begroting. (Behuisingssubsidies van personeel).		
HFB20	Magtiging en goedkeuring vir betalings.	Wet op Finansiële Bestuur, 56/2003	In samewerking met mede gevolmagtigdes
HFB21	Magtiging om die vervoertoelaag soos voorgeskryf van maand tot maand in konsultasie met die Munisipale Bestuurder, goed te keur en te implementeer.		Gesubdeleer aan die Hoof Finansiële Beampte
HFB22	Binne 15 dae na die einde van elke maand 'n voorlegging doen aan die Munisipale Bestuurder betreffende die volgende: ▪ Inligting in die formaat soos voorgeskryf deur die Nasionale Tesourier op werklêre inkomste en uitgawes vir die betrokke maand. ▪ 'n Bepaling van verwagte inkomste en uitgawes vir die oorblywende gedeelte van die huidige Finansiële jaar. ▪ Indien nodig 'n verduideliking van enige materiële verskille; en ▪ 'n Opsomming van die stappe wat geneem is om te verseker dat geprojekteerde uitgawes en inkomste binne die goedgekeurde begroting bly.	Wet op Finansiële Bestuur, 56/2003	
HFB23	Gee redelike geskrewe kennis van enige vergaderings waar die Finansiële State en Oudit Verslae vir oorweging voorgelê word, aan die Ouditeur-Generaal, Provinsiale Tesourier en die Provinsiale Departement verantwoordelik vir Plaaslike Regering.	Wet op Finansiële Bestuur, 56/2003/ Stelselswet 32/2000	
HFB24	Wanneer 'n jaarlikse begroting aan die Raad voorgelê is, moet die Hoof Finansiële Beampte meetbare inkomste voorlê en uitgawes teikens vir die Finansiële jaar voorlê wat met die begroting verband hou.	Wet op Finansiële Bestuur, 56/2003	
HFB25	In ooreenstemming met die Munisipale Bestuurder en Bestuurder: Administrasie kontraktuele boete klousules toe te pas in gevalle waar goederen of Dienste nie tydig aan die Raad/Munisipaliteit gelewer word.		

Nummer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
HFB26	Die instel van eise teen insolvente en afgestorwe boedels vir gelde verskuldig aan die Munisipaliteit in samewerking met die Munisipale Bestuurder.		
HFB27	Om die beskikbare fondse van die Raad te belê by instansies deur die Raad goedgekeur met dien verstande dat daar kwartaaliks tydens 'n Raadsvergadering aan die Raad verslag gedoen word oor die stand van beleggings.		
HFB28	Die voorwaardes en tydperk van terugbetaling van lenings uit die Kapitaalvervangingsreserwe te bepaal.		
HFB29	Om verhogings van instandhoudingspremies wat deur die Raad betaalbaar is in oorleg met die Munisipale Bestuurder, goed te keur.		
HFB30	Die betaling van salarisse aan amptenare en Raadslede te magtig op 'n datum soos deur die Munisipale Bestuurder, bepaal.		
HFB31	Opdrag aan inordersaars na oorlegpleging met die Munisipale Bestuurder uit te reik om alle gelde wat aan die Raad verskuldig is, ingevolge die bepaling van die toepaslike verordeninge en beleid in te vorder.		
HFB32	Om versekering by instansies soos goedgekeur te reël ten einde sorg te dra dat die Raad behoorlik verseker is teen gebeurlikhede waardeur die Raad skade kan lei en alle premies daarvan te betaal asook die afhandeling van alle versekeringsse.		
HFB33	Die uitbetaling van gratifikasie aan personeel wat daarvoor kwalifiseer.		
HFB34	Om magtiging vir die aanwending van instandhoudingsfondse in oorleg met die betrokke Departementshoofde binne die Raad se beleid te verleen.		
HFB35	Om waardasies van spesifieke eiendomme van die waardeerder soos deur die Raad aangestel, aan te vra.		
HFB36	Beëdigde waardasies van grond of ander eiendomme aan te vra vir voorlegging aan die Raad of vir uitvoering van 'n Raadsbesluit.		
HFB37	Die magtiging van terugbetaling van verhuiskoste aan amptenare wie diens by die Raad aanvaar.		

Nummer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
HFB38	Bevoegdheid om kontrakte aan te gaan ten opsigte van die terugbetaling van agterstallige diensgelde en heffings ooreenkomstig die raadsbeleid.		
HFB39	Die uitreiking van 'n Klaringssertifikaat wat sertifiseer dat die tarief, bedrag, fooie en rente wat betrekking het op 'n eiendom in die Munisipale gebied aan die Raad betaal is soos bepaal deur die toepaslike wetgewing.		
HFB40	Die bevoegdheid om fondse vry te stel met betrekking tot hoofitems in terme van die goedgekeurde kapitaalbegroting.		
HFB41	Die bevoegdheid om geld van salarisse of lone af te trek met vroegtydige kennisgewing van/aan die amptenaar binne voorgeskrewe beleid en ooreenkomste van die Raad.		
HFB42	Die bevoegdheid (in oorleg met die Munisipale Bestuurder) om 'n reëling te maak tot die aanvang van die regsproses vir die bewering van beskadiging aan Raadseiendom veroorsaak deur 'n derde party en vir die uitgawes met betrekking tot beserings opgedoen deur 'n amptenaar terwyl hy/sy aan diens was, wat die Raad moet optree in terme van die "Workmens Compensation Act".		
HFB43	Goedkeuring of afkeuring van aansoeke vir hulp verlening aan armlastiges ooreenkomstig met die munisipaliteit se amptelike beleid.		
HFB44	Die funksies en verpligtinge rakende die beheer van bank rekeninge soos uiteengesit in Artikel 10(2) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet te publiseer.		
HFB45	Om die munisipaliteit se voorneme om 'n lang termyn kontrak te sluit soos uiteengesit in Artikel 33 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet te publiseer.		
HFB46	Om die Munisipale Bestuurder in te lig aangaande munisipaliteite wat allokasies soos na verwys in Artikel 37 (2) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet gaan ontvang.		

Nummer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
HFB47	Om die besonderhede van voorgestelde lang termyn skuld te publiseer en om Provinsiale en Nasionale Tesourie se insette in ooreenstemming met Artikel 46 (3) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet te verkry.		
HFB48	Om verantwoordelikheid te neem vir al die bankrekeninge van die munisipaliteit in terme van Artikel 62 (2) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet.		
HFB49	Die opstel en opdatering van 'n vaste bate register en om die bates onder die kontrole van die Finansiële Departement soos bepaal in Artikel 63 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet te beveilig.		
HFB50	Om jaarliks die bates en laste van die munisipaliteit te waardeer in ooreenstemming met die standaard van die algemeen erkende rekeningkundige praktyk soos voorsiening gemaak word in Artikel 63 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet.		
HFB51	Om 'n bestuurs-, rekeningkundige en inligingstelsel te implementeer en onderhou wat rekord hou van die bates en laste van die munisipaliteit (Artikel 63(2) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet).		
HFB52	Om munisipale rekeninge voor te berei en te versprei in terme van Artikel 64 (2) (c) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet.		
HFB53	Om alle gelde ontvang in die munisipale bankrekening te deponeer nie later as die eerste werksdag na ontvangs daarvan nie. Artikel 64 (2) (d) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet.		
HFB54	Om alle redelike stappe te neem om interne beheer uit te oefen ten opsigte van debiteure en inkomste en om op 'n maandelikse verslag te doen aan die Burgemeester in die verband. Artikel 64 (2) (f) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet.		
HFB55	Om rente te hef op agterstallige rekeninge in terme van die Munisipaliteit se beleid. Artikel 64 (2) (g) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet.		
HFB56	Om alle inkomste ontvang eenmaal 'n week te rekonsileer in terme van Artikel 64(2)(h) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet.		

Nummer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
HFB57	Om Nasionale Tesourie in kennis te stel indien staatsinstansie nie hul munisipale skuld gereeld vereffen nie soos voorsien in Artikel 64 (3) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet en om die uitvoerende komitee daarvan in kennis te stel.		
HFB58	Om alle inkomste gevorder namens ander staatsinstansies binne een week na die invordering daarvan oor te betaal soos voorsien in Artikel 64 (4) (a) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet.		
HFB59	Om alle nodige stappe te neem om interne beheer uit te oefen ten opsigte van die uitgawes van die munisipaliteit en op 'n maandelikse basis aan die Uitvoerende Burgemeester verslag te lewer in die verband. Artikel 65 (1) & (2) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet.		
HFB60	Om 'n bestuurs-, rekeningkundige en inligtingstelsel te implementeer en onderhou wat rekord hou van die uitgawes van die munisipaliteit (Artikel 65(2)(a) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet).		
HFB61	Om alle geide verskuldig deur die munisipaliteit binne 30 dae na ontvangs van die faktuur, staat of rekening te betaal, tensy anders voorgeskryf vir sekere kategorieë betalings (Artikel 65 (2) (e) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet).		
HFB62	Om dispute rakende betalings verskuldig aan ander staatsinstansies in terme van die relevante wetgewing by te lê (Artikel 65 (2) (g) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet).		
HFB63	Om die bedryfskapitaal van die munisipaliteit doeltreffend en ekonomies te bestuur volgens die kontant bestuurs en beleggings riglyne van die munisipaliteit (section 65 (2) (h) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet).		
HFB64	Om alle finansiële rekeninge van die munisipaliteit teen die einde van die maand af te sluit en te rekonsilieer voor die 8ste van die volgende maand (Artikel 65 (2) (j) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet).		Artikel 71 verwys na 'n 10 dae periode.

Nummer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
HFB65	Om op 'n kwartaalke basis aan die Raad verslag te doen ten opsigte van personeelvoordele soos voorgeskryf in terme van Artikel 66 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet.		
HFB66	Om die goedgekeurde begroting van die Munisipaliteit te implementeer, bestuur en monitor in terme van Artikel 69 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet.		
HFB67	Om 'n aansuiweringsbegroting voor te berei indien en wanneer benodig (Artikel 69(2) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet).		
HFB68	Om Nasionale Tesourie in kennis te stel indien 'n gebeurtenis (oortrokke bankrekeninge), soos uitgewys in Artikel 70 (2) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet sou plaasvind.		
HFB69	Om maandelikse begrotingsstate voor te berei en aan die Burgemeester en Munisipale Bestuurder en provinsiale tesourie te lewer in terme van die vereistes van Artikel 71 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet.		Die artikel verwys na 'n 10 dae periode.
HFB70	Om 'n prestasie-evaluasie van die begroting teen 25 Januarie van elke jaar uit te voer en 'n verslag in die verband aan die Burgemeester, Nasionale en Provinsiale Tesourie te bied in terme van Artikel 72 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet.		
HFB71	Om inligting op die munisipale webtuiste te plaas soos vereis deur Artikel 75 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet.		
HFB72	Om kontrakte aangegaan deur middel van die Voorsiëningskanaalbestuursbeleid af te dwing in samewerking met die relevante hoofde van departemente (Artikel 116(2)(a) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet).		
HFB73	Om op 'n maandelikse basis die prestasie van 'n kontrakteur in terme van 'n kontrak sover dit die finansiële aspekte van sodanige kontrak raak te monitor (Artikel 116 (2) (b) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet).		

Nommer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
HFB74	Om die finansiële jaarstate binne 2 maande na die einde van die finansiële jaar, waarna hierdie state verwys, voor te berei en om sodanige state aan die Ouditeur Generaal voor te lê vir ouditering (Artikel 126 (1) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet).		
HFB75	Treë op as Voorsitter van die Tender Beoordelingskomitee	Regulasie 29(3) – Staatskoerant Nr. 27636 - Raadsbeleid	Aangewys deur Munisipale Bestuurder
HFB76	Om die aansoeke om verlof van Bestuurders goed te keur ingevolge die verlofbeleid.		
HFB77	Die goedkeuring aan Bestuurders vir bywoning van kongresse, werksinkels, jaarvergaderings, ens. ooreenkomstig die Beleid van die Raad en onderhewig daaraan dat voldoende voorsiening op die begroting gemaak is om die uitgawe te dek.		
HFB78	Bestuur van die inkomste van die Munisipaliteit.	Artikel 64 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56/2003	In die afwesigheid van die Munisipale Bestuurder is hierdie bevoegdheid gedelegeer aan die Waarnemende Munisipale Bestuurder (Slegs Art 78 is van toepassing)

Nommer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
HFB79	Bepaal en verhaal die kostes van enige verlies of beskadiging opgedoen deur die Munisipaliteit van die persoon verantwoordelik vir die verlies of beskadiging en waar nodig stel dissiplinêre aksies in. 'n Werknemer wat deur die Munisipaliteit in diens geneem is/was is verantwoordelik vir 'n verlies of beskadiging indien dit bewys is tydens 'n dissiplinêre verhoor dat hy/sy: ▪ Nagelaat het om geld verskuldig aan die Munisipaliteit in te vorder waarvoor hy/sy verantwoordelik is; ▪ Is/was verantwoordelik vir 'n betaling van geld sonder die nodige gedelegeerde bevoegdheid of sonder om die voorgeskrewe prosedure te volg of sonder deeglike ondersteunende bewyse; ▪ Vanweë versuim om sy/haar pligte uit te voer hy/sy, verantwoordelik is/was vir vrugtelose uitgawes; ▪ Is/was verantwoordelik vir skade aan die vernietiging van geld van die Munisipaliteit, seëls of ander dokumente, sekuriteite of ander eiendom van die Munisipaliteit, en ▪ Vanweë versuim in die uitvoer van sy/haar pligte verantwoordelik is/was vir 'n eis teen die Munisipaliteit.	Artikel 78 & 171 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56/2003 & die Dissiplinêre kode	In die afwesigheid van die Munisipale Bestuurder is hierdie bevoegdheid gedelegeer aan die Waarnemende Munisipale Bestuurder en aan alle senior Bestuurders
HFB80	Die goedkeuring van beplande oortyd aan personeel op die goedgekeurde salarisskaal van die Raad (met inagneming van die perk soos bepaal deur die Wet op Basiese Diensvoorwaardes), en binne die raad se begroting.	Artikel 10 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 75/1997 soos gewysig.	In die afwesigheid van die Munisipale Bestuurder is hierdie bevoegdheid gedelegeer aan die Waarnemende Munisipale Bestuurder en alle senior Bestuurders
HFB81	Die Bevordering van gesonde arbeidsverhoudinge en nakoming deur die munisipaliteit van toepaslike arbeidswetgewing.		Alle senior Bestuurders

Nommer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
HFB82	Verseker dat daar uitvoering gegee word aan toepaslike Raadsbesluite en die toepassing en administrasie van die Verordeninge van die Raad.		In die afwesigheid van die Munisipale Bestuurder is hierdie bevoegdheid gedelegeer aan die Waarnemende Munisipale Bestuurder en alle senior Bestuurders
HFB83	Keur die spesifikasie van goedere en dienste, wat ingevolge die Voorzieningskanaalbestuursbeleid benodig word, goed met in agneming van die vereistes soos in die Regulasies en Raadsbeleid vervat.	Regulasie 27(2) – Staatskoerant Nr. 27636 - Raadsbeleid	In die afwesigheid van die Munisipale Bestuurder is hierdie bevoegdheid gedelegeer aan die Waarnemende Munisipale Bestuurder

23. DELEGASIES VAN DIE VOORSIENINGKANAAL KOMITEES

Maandaat, rol en funksie van komitees

Artikel 79 van Wet 56 van 2003 gee aan die rekenpligtige beampte magtiging om sekere bevoegdhede en pligte aan amptenare te deleger ten einde hom/haar te assisteer om te verseker dat die doelwitte van 'n spesifieke voorsiening van die Wet bereik word.

Hoofstuk 11 van genoemde Wet skryf voor dat 'n munisipaliteit 'n voorsieningskanaalbestuurstelsel wat billik, regverdig, deursigtig, mededigend en koste-effektief is, in plek het en bedryf.

Regulasie 26 van die Munisipale Voorsieningskanaal Bestuur Regulasies (Staatskoerant Nr. 40553 van 20 Januarie 2017) maak voorsiening vir:

- (a) 'n komiteestelsel bestaande uit ten minste die volgende:
- (b) 'n bod spesifikasie komitee,
- (c) 'n bod evaluerings komitee,
- (d) 'n bod beoordeelings komitee.
- (e) die aanstel deur die rekenpligtige beampte van die lede van elke komitee met in agneming van Artikel 117 van die Wet.
- (f) Die rekenpligtige beampte mag die komitee stelsel toepas ook by formeel geskrewe pryskwotasies.

24. DELEGASIES VAN DIE TENDER SPESIFIKASIE KOMITEE

Nummer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
TSK1	Stel die spesifikasies vir elke verkryging van goedere of dienste deur die munisipaliteit op.	Regulasie 27(1) – Staatskoerant Nr. 27636 - Raadsbeleid	
TSK2	Stel die spesifikasies op met in agneming van die vereistes soos in die Regulasies en Raadsbeleid vervat en lê dit voor aan die Munisipale Bestuurder vir goedkeuring	Regulasie 27(2) – Staatskoerant Nr. 27636- Raadsbeleid	

Nom- mer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
TSK3	Mag eksterne spesialisraadgewers gekoöpteer word ná voorafgoedkeuring deur die Munisipale Bestuurder.	Regulasie 27(3) – Staatskoerant Nr. 27636-Raadsbeleid	
TSK4	Die Departementshoof/Bestuurder wat die goedere of dienste benodig tree op as Voorsitter van die komitee.	Regulasie 27(3) – Staatskoerant Nr. 27636-Raadsbeleid	

25. DELEGASIES VAN DIE TENDER EVALUASIE KOMITEE

Nom- mer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
TEK1	Evalueer tenders in ooreenstemming met die spesifikasies van 'n spesifieke verkryging.	Regulasie 28(1)(a)(i) – Staatskoerant Nr. 27636-Raadsbeleid	
TEK2	Evalueer tenders in ooreenstemming met die puntestelsel soos uiteengesit in die Voorkeurverkrygings Regulasies, 2001.	Regulasie 28(1)(a)(ii) – Staatskoerant Nr. 27636-Raadsbeleid	
TEK3	Evalueer elke tenderaar se vermoë om die kontrak uit te voer	Regulasie 28(1)(b) – Staatskoerant Nr. 27636-Raadsbeleid	
TEK4	Nagaan of die aanbevole tenderaar nie agterstallig is met munisipale belasting en diensteheffings.	Regulasie 28(1)(c) – Staatskoerant Nr. 27636-Raadsbeleid	
TEK5	Verslag met aanbevelings, voorlê aan die beoordelingskomitee, oor die voorkeur tenderaar.	Regulasie 28(1)(d) – Staatskoerant Nr. 27636-Raadsbeleid	

26. DELEGASIES VAN DIE TENDER BEOORDELINGS KOMITEE

Nom- mer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
TBK1	Om aanbevelings te maak aan die Munisipale Bestuurder oor die finale toekennings tussen R30 000 en R10 miljoen te maak.	Regulasie 5(2)(b)(c) – Staatskoerant Nr. 27636 - Raadsbeleid	
TBK2	Besluit oor die verslag en aanbevelings van die tender evaluasie komitee.	Regulasie 29(1)(a) – Staatskoerant Nr. 27636 - Raadsbeleid	
TBK3	Lê binne 5 dae na die einde van die maand 'n volledige verslag van elke finale toekenning aan die Munisipale Bestuurder voor.	Regulasie 5(2)(b)(c) – Staatskoerant Nr. 27636 - Raadsbeleid	

27. DELEGASIES VAN MPAC

Nom- mer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
MPC1	Oorweeg en evalueer die inhoud van die jaarverslag en doen aanbevelings aan die Raad by die aanneming van 'n oorsigverslag oor die jaarverslag, i.t.o. MFMA 127 & 129 (1) Om aanbevelings te maak aan die Munisipale Bestuurder oor die finale toekennings tussen R30 000 en R10 miljoen te maak.	Artikel 127 & 129 (1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56 van 2003	
MPC2	Bevestig die terugvoer van amptenare oor interne reëlings met die opstel van finansiële state en jaarverslae, is op koers en korrektiewe maatreëls is geïmplementeer.	Artikel 121 & 122 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56 van 2003	

Nom- mer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
MPC3	Evalueer die mate waarin die ouditkomitee en die Ouditeur-Generaal se aanbevelings geïmplementeer is en doen aanvullende aanbevelings aan die raad vir verdere aksies wat voortspuit uit hierdie hersienings.	Artikel 131(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56 van 2003	
MPC4	Om aksies verwant aan die aangaan van ongemagtigde, onreëlmatige, vrugtelose en vermorsingsbesteding te hersien en aan die Raad aan te beveel.	Artikel 32 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56 van 2003	
MPC5	Om toepaslike ondersoekverslae na te gaan wat deur ander, soos Interne Oudit of forensiese verslae, onderneem is en duidelikheid te kry by die rekenpligtige beaampte en dan aanbevelings om verdere optrede aan die Raad te doen, e of i.t.o af te skryf. MFMA Art 32 (2)	Artikel 32(2) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56 van 2003	

28. DELEGASIES VAN DIE OUDITKOMITEE

Nom- mer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
OUD1	Adviseer die Raad, die politieke ampsdraers, die rekenpligtige beaampte en die bestuurspersoneel van die munisipaliteit, of die raad van direkteure, die rekenpligtige beaampte en die bestuurspersoneel van die munisipale entiteit, op aangeleenthede rakende— (i) interne finansiële beheer en interne audits; (ii) risikobestuur; (iii) rekeningkundige beleid; (iv) die toereikendheid, betroubaarheid en akkuraatheid van finansiële verslagdoening en	Artikel 166 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56 van 2003	

Nom- mer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
	inligting; (v) prestasiebestuur; (vi) effektiewe bestuur; (vii) voldoening aan hierdie Wet, die jaarlikse Wet op Verdeling van Inkomste en enige ander toepaslike wetgewing; (viii) evaluering van prestasies; en (ix) enige ander aangeleenthede wat deur die munisipaliteit of munisipale entiteit daarheen verwys word;		
OUD2	Hersien die finansiële state om die Raad van raad te voorsien, in die geval van 'n munisipale entiteit, die raad van die moeder munisipaliteit en die raad van direkteure van die entiteit, met 'n gesaghebbende en geloofwaardige siening van die finansiële posisie van die munisipaliteit of munisipale entiteit, die doeltreffendheid en effektiwiteit daarvan en die algehele vlak van voldoening aan die Wet, die jaarlikse Wet op Verdeling van Inkomste en enige ander toepaslike wetgewing.	Artikel 166 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56 van 2003	
OUD3	Reageer aan die Raad oor enige kwessies wat deur die Ouditeur-Generaal tydens die audit geopper word.	Artikel 166 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56 van 2003	
OUD4	Doen ondersoek na die finansiële aangeleenthede van die munisipaliteit of munisipale entiteit, soos versoek deur die munisipale Raad of die direkteure van die entiteit.	Artikel 166 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56 van 2003	
OUD5	In die uitvoering van sy funksies, het 'n ouditkomitee— (a) toegang het tot die finansiële rekords en ander relevante inligting van die munisipaliteit of munisipale entiteit; en (b) moet skakel met— (i) die interne oudit-eenheid van die munisipaliteit; en	Artikel 166 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56 van 2003	

Nom-mer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
	(ii) die persoon wat deur die Ouditeur-Generaal aangewys is om die finansiële state te audit verklarings van die munisipaliteit of munisipale entiteit		

29. DELEGASIES VAN DIE FINANSIELE DISSIPLINÊRE KOMITEE

Nom-mer	Beskrywing	Ontstaansbron	Kommentaar en Opmerkings
FDK1	Onderzoek bewerings van finansiële wangedrag teen die rekenpligtige beampte ondersoek, die hoof finansiële beampte, 'n senior bestuurder of 'n ander amptenaar van die munisipaliteit tensy hierdie aantygings ligsinnig, lastig, spekulatief of ooglopend is ongegronde; en indien die ondersoek so 'n stap regverdig, tugstappe instel teen die rekenpligtige beampte, hoof finansiële beampte of daardie senior bestuurder of ander amptenaar in ooreenstemming met stelsels en prosedures bedoel in afdeling 67 van die Wet op Munisipale Stelsels, saamgelees met Bylae 2 van daardie Wet.	Artikel 171(4) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 56 van 2003	

30. GOEDKEURING VAN DELEGASIES

Munisipale Bestuurder:

Datum: 26/05/2026

Raad goedkeuring:

Datum: 26/05/2026